# OOR „HAASTIG OORDEEL" IN DIE GESKIEDSKRYWING

deur

DR. F. A. VAN JAARSVELD

## 1

DIT gebeur dikwels dat kritici in die beoordeling van die werk van produktiewe historici die etikette „niks nuuts" of „haastige oordeel" daaraan vasheg. Oor die eerste sal hier nie uitgewei word nie. Daaroor is in ander verband al baie gesê. Die tweede etiket verdien ontleding omdat heelwat misverstand daaruit kan voortkom.

Wat beteken die woord „oordeel"? Dit beteken die konstatering van 'n samehang tussen feite of verskynsels op grond van beskikbare gegewens in die geloof dat dit so volledig moontlik bymekaar gebring en deur kritiek en tegniek so goed moontlik gesuiwer is. Konstatering van 'n samehang is 'n uitspraak oor 'n onsigbare verband of reeks verbande tussen feite op grond van aanknopingspunte wat in die dokumente álmal in dieselfde rigting dui. Dit is die werking van die rede wat verbande tussen dié punte bydink en wat die feite in 'n betekenisvolle patroon van samehange orden. Ons noem dit uitleg of interpretasie. Interpretasie is 'n geestesaktiwiteit van die historikus wat kroniek, d.i. dorre gegewens, tot 'n lewende geskiedenisbeeld maak. Oordeel en die daaruit resulterende gestruktureerde samehange is die kern van die geskiedskrywing want dit maak 'n beeld van die verlede moontlik. Hierdie beeld moet waarheidsgetrou wees, d.w.s. die oordele wat die opbou daarvan moontlik gemaak het, moet gegrond wees in die werklikheid van die feite en gegewens. Daar moet m.a.w. grond wees vir die konstatering van 'n samehang.

Wanneer sal 'n historikus van „haastige oordeel" beskuldig word? Wanneer hy oordeel sonder dat hy na die beste van sy wete al die beskikbare gegewens oor 'n bepaalde onderwerp versamel het, d.w.s., wanneer hy op onsekere grond staan as verbande of samehange tussen feite of verskynsels gekonstateer word. „Haastig oordeel" kan teruggebring word op (a) persoonlike vooringenomenheid van die historikus wat graag sekere dinge bewys wil hê; op (b) onbewuste beïnvloeding van tydsneiginge, wêreldbeskouing of sosiale omgewing; op (c) gebrekkige materiaalversameling en op (d) swak bronne-kritiek.

Wat die eerste betref: persoonlike vooringenomenheid kan maklik deur kritiek ontdek word omdat die historikus eensydig gaan kies of „halwe" of „valse" bewyse vir sy samehangkonstatering gebruik. Met „haastige oordeel" het dit nie veel te doen nie, want die tendensie bepaal die samehange. Wat die tweede betref: dit is moeiliker ontdekbaar veral wanneer die kritikus dieselfde lewens- of wêreldbeskouing as die historikus huldig. Ook dít het weinig met „haastig oordeel" te doen want die historikus skryf in die geloof dat hy die feite so objektief moontlik vertolk. Eers die derde en vierde aspekte

het direk op „haastig oordeel" betrekking. As die kritikus met vers en kapittel kan bewys dat die feite ánders lê as wat die gekonstateerde samehang aandui, kan die oordeel as „haastig" en onaanvaarbaar bestempel word.

Die swakheid van so 'n „haastige oordeel" lê, soos gesê, daarin dat die historikus tot gevolgtrekkings kom voordat hy na die beste van sy wete alle beskikbare gegewens tot beskikking van sy oordeel gehad het of voordat hy krities genoeg teenoor sy bronne gestaan het. Daaruit volg dat die opbou van sy geskiedenisbeeld eensydig en dus onbetroubaar is, m.a.w. dat dit nie werklikheids- of waarheidsgetrou is nie. Dit het nie regstreeks met „objektiwiteit" en „subjektiwiteit" te doen nie. Dit raak eerder die basis of grond van die betoog van die historikus. Dié moet natuurlik op dokumente gebaseer wees. „Haastige oordeel" is een van die ernstigste beskuldigings wat teen 'n historikus ingebring kan word. Die resultaat van so 'n werkwyse is aanvegbaar en kan maklik deur die kritikus wat in daardie besondere veld tuis is, omvergewerp word. Om van hierdie beskuldiging gevrywaar te wees, moet 'n historikus dus „deeglik" en „betroubaar" wees. Hy kan dit wees deur die versameling van soveel moontlik feite oor sy onderwerp en deur goeie kritiek toe te pas. Tot dusver die kant van die historikus wat „haastig oordeel".

## 2

MAAR daar is die keersy van hierdie prentjie. Dit raak die verantwoordelikheidsgevoel van die kritikus. Om kritikus te wees, is geen gemaklike taak nie. In die eerste plek moet die kritikus self baie goed op hoogte wees met die historiese veld waaruit die historikus sy geskiedenisbeeld opgebou het. Hy moet kan onderskei tussen bewustelike subjektivisme en selfs onbewuste beïnvloeding deur wêreldbeskouing of tydsituasie en sosiale omstandighede. Om iemand van „haastig oordeel" te kan beskuldig, moet hy uit dokumente, wat die historikus deur nalatige of oorhaastige navorsing verby gegaan het of onkrities gebruik het, kan aantoon dat die konstatering van samehange, wat die historikus as só voorgestel het, ook ánders kan en dat daaruit 'n reeks opgebou kan word wat 'n totaal ander beeld van die gegewe stuk werklikheid moontlik maak. Omdat hy dan méér grond vir sy siening van die samehange het, toon hy aan dat die „haastig oordeel" van die historikus sy beeld vereensydig en onoortuigend gemaak het. In daardie geval moet die historikus sy beeld hersien of dit verdwyn in die stroom van vergetelheid.

Dit wat die aanvaarbare aantoning van „haastig oordeel" by die historikus betref. Maar nou moet die kritikus versigtig loop dat hy nie op sy beurt kritiek gaan uitoefen as hy nie met vers en kapittel kan aantoon presies wáár die historikus s.i. „haastig" geoordeel het nie. Anders bly dit by hom die konstatering van 'n oordeel wat swewend is en vir sowel die historikus as die publiek vir wie dit bestem is, onaanneemlik lyk, d.w.s. méér na verdagmaking as na wetenskaplike beoordeling. Die kritikus kan daardeur sy eie vooringenomenheid, geloof of wêreldbeskouing verraai. Sy kritiek word dan irrasioneel want dit

is 'n uitvloeisel van sy wensdrome oor hoe sake in die verlede daar moes uitgesien het.

Sonder die nodige bewyse buig die uitgespreekte kritiek na die kritikus self om en openbaar sy geestesgesteldheid. Dit kan gebeur dat die kritikus so gewoond aan 'n bestaande en algemeen aanvaarde beeld geword het, dat die konstatering van samehange uit dokumente en feite, wat die historikus tot die opbou van 'n beeld met nuwe trekke gebring het, vir hom as 'n skok kan kom — en miskien so 'n skok dat die onmiddellike „vreemdheid" van die beeld, wat sy eie, oú vertroude aangryp, hom verlei om 'n haastige oordeel daaroor uit te spreek, waardeur hy hom self skuldig maak aan wat hy graag in die historikus wou bestry. Dit kan jare neem voordat ingesien word dat die „nuwe" beeld, of die beeld met nuwe trekke, waardevol was en vele elemente van die waarheid bevat het.

3

DIE kritikus moet nooit vergeet nie dat sy uitspraak „haastige oordeel" vir sover dit die hoeveelheid geraadpleegde bronne aanbetref, tot op sekere hoogte relatief is. Per slot van rekening was alle en sal alle geskiedenisbeelde tot op sekere hoogte die vrug wees van „haastig oordeel". Daar is bo gesê dat die historikus oordeel in die geloof dat hy alle beskikbare gegewens tot op daardie oomblik versamel het. Namate die tyd voortgang maak, word miskien nuwe materiaal ontdek, wat die hersiening en herskrywe van daardie eerste beeld moontlik maak — dus tot op sekere hoogte 'n „haastige oordeel" wat van agterna verander word. Dit kan gebeur dat veranderde tye nuwe aspekte van die oú dokumente tot spreke bring, waardeur die oordele, wat tot die bestaande beeld gelei het, gewysig word. Hier dus 'n element van „haastig" of beter gesê „voorlopig oordeel". Alle geskiedskrywing bevat dus onbewus 'n element van „haastige oordeel", anders sou daar nie 'n geskiedenis van die geskiedskrywing moontlik gewees het nie.

„Haastige oordeel" wat die toepassing van swak bronnekritiek aanbetref, kan hier gelaat word. 'n Historikus kan al die moontlik beskikbare bronne bymekaar hê en dan nog „haastig oordeel" omdat hy nie krities daarteenoor staan nie. Daarvoor is daar geen verskoning nie. Die saak word anders wanneer hy ernstige kritiek toepas, maar weens gebrek aan voldoende bronne tot „haastige" oordele kom. Dit is ewe onvergeeflik as swak kritiek. Maar nou kan daar aan die ander kant, juis omdát die historikus „absolute" sekerheid nastrewe, die gevaar bestaan dat hy te pynlik noukeurig gaan soek totdat hy „elkeen" van die gegewens afgeskryf en gekatalogiseer het. Hy mag miskien duisend dokumente afskryf wat almal in dieselfde rigting dui en wat almal die konstatering van één samehang moontlik maak.

Dit sal slegte tydsekonomie wees as hy, nadat hy die meeste van dié dokumente gelees het, van almal aantekeninge gaan maak, wanneer dit moontlik is dat hy op grond van 'n klein aantal, wat verteenwoordigend van die res is, dieselfde samehang met dieselfde sekerheid kan konstateer. Deur te presies

elke stukkie en brokkie te wil versamel voor hy oordeel, kan kosbare tyd vermors word en kan hy sy lewe lank onvrugbaar bly. Hy sal miskien één werkie lewer in die geloof dat sy navorsing „absoluut" volledig is en om dié rede vir ewig kan standhou, sonder dat hy daaraan dink dat die voortgang van die tyd daardie interpretasie opsy gaan laat.

Die bedrewe historikus wat so 'n verteenwoordigende aantal uit die duisend kies, weet hoeveel noodsaaklik is vir die aanduiding van 'n verband wat vir die opbou van sy beeld nodig is. Omdat die historikus nie na al duisend dokumente verwys het nie, beteken dit nie dat hy hom aan „haastige oordeel" skuldig gemaak het nie. As hy 'n aantal dokumente gevind het wat dit moontlik maak om 'n samehang te konstateer, en hy vermoed dat daar elders méér dokumente van dieselfde soort sal kán wees, moet hy sy interpretasie „oop" laat vir korreksie en dit dan ook bewustelik stel. „Haastig oordeel" in die sin van „voorlopig oordeel" is hier 'n voorwaarde vir die produktiwiteit en oorspronklikheid van die historikus. Tot op sekere hoogte is so 'n „haastige oordeel" 'n voorwaarde vir die voortgang van die geskiedskrywing.

'n Mens kan dit met 'n konkrete voorbeeld toelig. 'n Historikus bestudeer die probleem van die nasionale ontwaking van die Afrikaanse volk. In sy studie van die dokumente kom hy telkens af op dokumente wat nie regstreeks op sy onderwerp betrekking het nie, maar omdat dit hom interesseer hou hy aantekening daarvan. Op die duur kan uit dié addisionele dokumente 'n bystudie groei wat in sigself 'n eenheid met eie struktuur vorm. So iets kan wees die ontstaansgeskiedenis van die woorde „Voortrekkers" en „Groot Trek", wat in 'n sekere stadium van die volksgeskiedenis tot begrippe met eie inhoud verhef is. Dit mag saamval met die bewuswording van eie waarde van die volk en met die ontstaan van sy nasionale en historiese bewustheid.

Die historikus het uit heelwat dokumente opgemerk dat die term „Voortrekkers" en „Groot Trek" gedurende die einde van die jare sestig en begin sewentig algemeen begin gebruik is en dat 'n sekere inhoud daaraan verbind is. Hy kan met sekerheid konstateer dat gedurende die genoemde jare van die vorige eeu die terme hul intrede algemeen doen. Maar hy wonder presies wanneer en waar die term „Voortrekker" vir die eerste keer gebruik is. Hy kan nou uit praktiese oorwegings nie weer die hele veld van dokumente vanaf die Groot Trek afsoek nie. Hy weet dat daar aan die begin van „Emigrante" en „Emigrasie" gepraat is. Maar hy kan nie met absolute sekerheid vasstel presies wanneer die terme vir die heel eerste keer gebruik is nie. Uit die aard van die saak kon dit die mense onbewus in hul briewe ontglip het, maar dit kon lank voor dit op skrif gestel was, ook mondeling gebruik gewees het. Hier dus die onsekerheid van die werklikheid self.

Die historikus moet nou dié datum konstateer waarin hy dit vir die eerste keer aantref, maar dan met dié voorbehoud en met dié wete dat dit ook enkele jare vroeër gebruik kon gewees het. Hy laat sy interpretasie dus „oop" vir aanvulling. Hy wéét dat dit gedurende die genoemde jare algemeen begin gebruik is en dan wel met 'n vaste begripsinhoud. Sou daar egter 'n dokument

uit 'n vroeër tyd gevind word — sê maar 1855 — sal hy dit aanvaar. Wesenlik sal dit sy beeld nie verander nie, omdat dit sporadies kon wees en nog sonder inhoud, want dit het toé nog nie saamgehang met die nasionale bewuswording van die Afrikaanse volk nie. Dit kan sy beeld hoogstens aanvul. Dit spreek vanself dat die historikus nie aan „haastig oordeel" skuldig verklaar kan word nie. Sy oordeel is „voorlopig".

4

DAAR is egter nog 'n ander aspek verbonde aan „haastig oordeel". Die historikus oordeel op grond van dokumente wat almal in één rigting dui, sonder dat hy die sekerheid het dat hy ál die dokumente i.v.m. die onderwerp geraadpleeg het. Sy oordele maak 'n sekere beeld moontlik. Die kritikus staan verdag teen dié beeld. Hy spreek twyfel uit en verdoem dit as „haastige oordeel". Hy gaan nou self na die dokumente soek. Hy vind meer en op grond daarvan kom hy tot gevolgtrekkinge wat hom tot 'n eie beeld oor dieselfde onderwerp bring. Word die twee beelde met mekaar vergelyk, vind hy dat hy die beeld van die historikus nie wesenlik gewysig het nie en dat hy dit op sy beste maar net kon aanvul of sekere trekke wysig. Die historikus het immers reeds in dié rigting gewerk.

Dit beteken dat die werk van die kritikus 'n reaksie was op die aksie van die historikus wat die probleem of onderwerp die eerste ondersoek het. Dit was 'n antwoord op sy beskuldiging van „haastig oordeel". Dit beteken dat die beskuldiging vir die kritikus as aansporing gedien het om self ondersoekingswerk te doen. Tweedens het die aanvullende of wysigende werk van die kritikus die probleem nader aan 'n oplossing gebring en daardeur is die waarheid 'n diens bewys. Hier word nou 'n sintese van aksie en reaksie gevind. Sonder die „haastig oordeel" van die historikus wat die probleem gestel het, sou die waarheid of werklikheid nie benader gewees het nie. Dit het die kritikus op die spoor daarvan gebring. Op hierdie wyse lei die „haastige" oordeel na die bevordering van die wetenskap.

Ten slotte mag „haastig oordeel" wat nuwe samehange voortbring, juis só 'n uitdaging aan die kritikus of mede-historici stel, dat 'n nuwe studieveld vir ondersoek oopgestel word. Die historikus met sy „haastige oordeel" was dus die voorloper of wegbereider in 'n terrein waarin dit wel nog gewaagd was om nuwe samehange te konstateer — juis vanweë die nuutheid, maar óók vanweë die vertroudheid wat die opmerksaamheid van die blik afgestomp het. Die „haastig oordeel" lei hier na bewusmaking van 'n onontgonne studieterrein of die hersiening van die beeld van 'n oue. Al sou die beeld wat deur die „haastige" oordeel geskep is, gewysig of selfs omvergewerp word, dan nog het dit dié waarde dat dit die uitgangspunt was vir die kennis van 'n sekere onderwerp of die oplossing van 'n bepaalde probleem. 'n Mens dink maar aan die jong historikus wie se „onrype" of „haastige" oordele ook selfs deur homself met verloop van tyd gewysig word. Dit toon weer net die aard van die historiese kennis wat altyd 'n element van voorlopigheid in homself opsluit.

Dit is eenmaal so dat die historikus 'n ontdekker is, ontdekker in 'n nuwe of oue studieveld. Hy smaak vreugde in die ontdekking van nuwe samehange wat na nuwe of aanvullende interpretasies lei. Hy skryf die aangenaamste daaroor wanneer hy voel dat hy nog nie „alles" weet nie, wanneer hy voel dat hy soms „waag" om 'n nuwe oordeel uit te spreek. Hy hoop dat dit later geverifieer kan word. Hy laat sy gevolgtrekkinge oop vir korreksie of aanvulling, maar in die geloof dat hy die waarheid deur sy „haastig oordeel" genader het.

Wanneer hy skryf as „alles" versamel is en „alles" deur en deur bewerk is, neem sy entoesiasme af sodra hy die pen opneem. Die onderwerp is nie meer „nuut" en verskaf nie meer die vreugde soos dit in die eerste vuur van entoesiasme gegee het nie. Dit is vir homself oorbekend: hy wéét reeds alles. Die vreugde van die ontdekking lê gedeeltelik juis in die „haastig oordeel". Maar dan nie 'n onverantwoordelike oordeel of oordeel gebaseer op gebrek aan gegewens en kritiek of met voorbedagte tendensie nie.

Dit sal verkeerd wees om te konkludeer dat „haastig oordeel" hier geregverdig is. Kritici is soms geneig om 'n „voorlopige" oordeel met „haastig" oordeel te verwar, of, om selfs eerlike pogings tot interpreterende oordele verdag te maak met 'n oppervlakkige beskuldiging van „haastig oordeel". Dit kan ook 'n positiewe sy hê. Die begrip „haastig oordeel" is ingewikkelder as wat dit lyk. Kritici wat dit telkens in hul woordeskat laat voorkom, impliseer daarteenoor 'n „finale oordeel", of selfs „die laaste woord" — 'n onding wat nie in die geskiedeniswetenskap bestaan nie. Eerder kan daarteenoor gestel word verantwoordelike en verantwoorde oordele.